# 21 Emosies

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Liefde

## 1 Johannes 4:7-20

*Volgens die Bybel is liefde nie net 'n emosie nie. Dis ook meer as 'n keuse. Dit is onvoorwaardelike lojaliteit, blinde verbondenheid aan die wat die voorwerp van jou liefde is.*

*Liefde raak sigbaar in dade van omgee en diens. Of dalk moet 'n mens sê: Dis 'n emosie wat net in gedrag herken word. 'n Mens het lief. Daar is net een wat hierdie emosie is: God. God is liefde.*

*Johannes 3:16 wys vir ons die gedrag van wat liefde is.. Die beste wat ons kan doen is om daardie voorbeeld elke dag te probeer volg.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?*

*Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?*

*Waarom beleef jy daardie emosies?*

**Notas**

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# 21 Emosies

## Liefde

Wat is die grondliggende feit van Johannes wat hy oor God gee?

Wat is die ander twee fundamentele feite wat Johannes in sy geskrifte gee om die aard van God te verstaan?

Bedoel Johannes dat ons ook kan sê: 'Liefde is God'?

As ware Bybelse liefde 'n weerspieëling is van die karakter en aard van God self, hoe kan dit dan bewys word dat dit in ons lewe bestaan?

Hoe het Johannes vroeër in hierdie brief 'ken' gedefinieer en dit direk met die kwessie van liefde verbind?

Hoe het God dan sy liefde in die oopte gebring vir almal om dit duidelik te sien?

Wat is die twee redes wat hier gegee word vir Christus se kruisdood?

Hoe definieer dit die soort liefde wat ons moet uitleef?